Pretoria- …….

<u>Skriflesing:</u> Genesis 17:1-8; Handelinge 2:37-40
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 17**
Teks: 1 Korinthiërs 7:14
Sing- Ps. 131:1,2,3; Ps. 25:6,7; Ps. 128:4

Broeder en suster, om 'n kind uit die hand van die Here te mag ontvang, is iets wat woorde moeilik kan beskryf. Vir gelowige ouers word in paragraaf 17 van die Dordtse Leerreëls aangrypende dinge oor ons kinders gesê. Ons kinders is heilig, ja daardie pasgebore babatjie van gelowige ouers is alreeds in die genadeverbond wat God met die ouers gesluit het geheilig. Ons moet egter nie dink dat kinders van nature heilig is nie. So min soos wat volwassenes dit van nature kan wees, net so min kan kinders dit wees.

Van nature is kinders in Adam verdoem. Hierdie uitspraak dat ons kinders nie van nature heilig is nie, dit het die opstellers van die Dordtse Leerreëls in onguns gebring. Juis die Remonstrante het die punt van kindertjies wou gebruik om te wys as kinders dan nie van nature heilig is nie, dan moet ons vir ouers dit duidelik stel dat God kan baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors wegruk en op wreedaardige wyse in die hel gooi, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees? Ja, dis hoe die Remonstrante die gereformeerde leer van verkiesing en verwerping verteken het. Op grond daarvan sou ons dan leer dat God pasgebore verbondskinders wat sterf in die helse vuur sou werp? Hoe vals kan die Remonstrante net nie wees nie?! As dit waar moes wees wat hulle van ons as gereformeerdes hier sê, dan het ons inderdaad vir ouers by die graffie van 'n kind min troos kon bied.

***

Ja, hoe moeilik dit mag wees om hieroor te praat, hoe nodig is dit ook om te besef paragraaf 17 van die Dordtse Leerreëls is opgestel daar waar ouers hulle kinders al op baie vroeë leeftyd kan verloor. Kinders sterf ook en sê die remonstrante nou moet julle gereformeerdes wat sê daar bestaan erfsondes, julle gereformeerdes wat glo ons word in sonde ontvang en gebore, julle moet julle gereformeerde leer eenvoudig toepas en sê vir die ouers hulle kinders is verlore. Trouens die remonstrante het die gereformeerdes met beeldryke taal wou konfronteer dat hoe kindertjies op grond van ons verstaan van die leer oor die uitverkiesing heel onskuldig in die hel sal moet beland. As ons dan wil glo dat ons kinders wel van nature dood is en kinders wat jonk sterf van wie daar nog geen bewyse kon wees dat hierdie gestorwe kindjie deur die uitverkiesing ook tot

geloof gebring is nie, wat moet ons vir sulke ouers sê. Moet ons vir hulle sê dat julle kindjie te vroeg dood is om te kon glo, daarom is hierdie kindjie nie gered nie.

Dit is alles behalwe die waarheid. Vir gelowige ouers wie se kinders jonk sterf kan ons op grond van God se eie beloftes die wonderlike troos van die verbond oorbring. Dit is wel anders met ongelowige ouers. Vir ongelowige ouers kan ons nie hierdie troos bied nie, maar vir gelowige ouers mag ons dit vanuit ons belydenis duidelik stel. Gelowige ouers ontvang vanuit die hand van die Here verbondskinders. Die verskil wat die ouer in sy kind se lewe kan meebring dra duidelike ewigheidswaarde. God maak 'n onderskeid tussen die kinders.

***

Ons ontken nie dat alle kindertjies verdien inderdaad om verwerp te word. Maar God sonder sommige van hulle vir Hom af. Die kinders van die gelowiges. Hulle word heilig genoem. Dink aan 1 Kor. 7:14 waar Paulus skryf- *Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.* Dis ook iets wat ons as ouers bely in antwoord op die eerste doop vraag: **Bely u dat ons kinders, hoewel hulle in sondes ontvang en gebore is en daarom aan allerhande ellende, ja, selfs aan die ewige oordeel (verdoemenis) onderworpe is, nogtans in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees?**

Wat beteken dit om in Christus geheilig te wees? Die woord geheilig beteken apart geplaas, afgesonder. Onderskei van ander. Die Here plaas hulle apart, sonder hulle af vir sy diens. Hoewel hulle self nog nie glo nie, tog behoort hulle by God se verbondsvolk. God eien hulle toe as die syne. Hy verbind Homself aan hulle. Hy wil met hulle deur die lewe gaan. Hy haal mense oor na Homself toe wat van nature vyande is. Hulle mag sy kinders en erfgename wees.

Wanneer mense tot geloof kom, dan word ook die kinders met hul ouers aangeneem. So lees ons van huisgesinne wat gedoop is.. Lydia die purper verkoopster uit die stad Thiatire word saam met haar huisgesin gedoop lees ons in Hand 16. In sy Pinksterpreek roep Petrus die mense op: *Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe*

en julle kinders… (Hand 2:38,39). Die beloofde Heilige Gees, die groot geskenk van die nuwe verbond, kom julle toe en julle kinders.

***

Dis was reeds so in die tente van Abraham. Abraham se gesin was heilig. Sy bloedeie kinders en sy slawe. God lê beslag op sy hele huis. En Hy sê vir Abraham: *Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou* (Gen 17:7). Daarom moet al die seuns en manlike slawe die teken van die verbond ontvang. Hulle moet op die 8de dag besny word. God wil ook vir ons kindertjies 'n God wees. Hulle mag sy kinders wees.

Dink aan wat ons bely met die doopsformulier. **Want as ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer of tot ons beswil beskik. En as ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was - waarmee Hy ons in sy dood en opstanding inlyf - dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word. Net so ook as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig, deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.**

Ons besef dat net die kinders van gelowiges in Christus geheilig is. Pasgebore kindertjies is dan reeds in Hom geheilig, maar dan moet sy/haar ouers waarlik glo. Die verbond word aan sulke begenadigde kindertjies geskenk, sonder dat hulle nog kan glo, maar ons weet die verbond bevat die belofte en die opdragte. Die seëninge en vervloekinge… Die belofte word dadelik aan die kindertjies van gelowiges geskenk maar soos die kinders opgroei moet hulle wil leer wat God aan hulle belowe het. Solank hulle egter nie die verskil tussen hulle regter- en hulle linkerhand ken nie, word daar nie geloof van hulle vereis nie, maar die tyd kom dat geloof vereis gaan word.

Soos hulle tot volwassenheid mag opgroei, moet daar ook groei in hulle geloof wees. Die beloftes wat die Here hulle met hulle geboorte geskenk het, moet dan ook soos hulle opgroei waarlik geglo word. As gedoopte kinders hierdie beloftes verwerp, hulle wil nie glo dan sal die oordeel van die Here vir hulle 'n vloek in hulle lewe word. Wie die beloftes nie in die geloof wil aanvaar nie, sal dan ook nie ontvang wat die Here aan hulle belowe het nie.

Dit is 'n valse leer om te sê ek is gedoop, daarom is ek gered. Mense wat dan dink hulle kan maar lewe soos wat hulle wil, solank hulle net gedoop is. Aan ouers word daar sommer by die eerste vraag al gewaarsku dat die doop nie uit bygelowigheid gebruik mag word nie. Spesifiek word die eerste vraag dan ook aan die ouers se gesindheid verbind- Dit word duidelik so aan die ouers gestel- **Dat dit openbaar kan word dat dit u gesindheid is, moet u van u kant op hierdie vrae opreg antwoord...** Wanneer sulke gelowige ouers voor God hulle kindjie bring, dan het God reeds sy belofte gemaak, die belofte van die ouers kan maar net op God se belofte wat reeds afgehandel is, volg. Die kernsaak sou so 'n kindjie van gelowiges sterf, selfs dalk nog vóór die kindjie gedoop kon word, dan is God se beloftes reeds waarheid en werklikheid.

Ons bely met par 17 dat die gelowige nie moet twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van my vroeg gestorwe kindjie nie. Waarom nie? Nie omdat my kind beter as die ander kinders sou wees nie. Maar omdat God in die lewe van hierdie kind ingegryp het. Opgeneem in sy verbond en sy gemeente, in sy huisgesin. Kragtens die genadeverbond is hy of sy heilig. God het my kind binne die verbond ook ryke beloftes gegee: die vergewing van sondes en die ewige lewe. Normaalweg sou die kind die beloftes vir homself deur geloof moet toe-eien.

Maar nou het die Here die kind weggeneem voordat hy tot geloof kon kom. Sou dan die beloftes skielik vir so 'n kind niks beteken nie? God het gesê: Ek wil jou God en Vader wees, jy mag deel van my gemeente, my gesin wees. Ek wil jou sondes vergewe. Ek wil jou lewe vernuwe. Sou die woorde dan skielik leeg wees, nie meer geld nie? Dis onmoontlik! God kan nie lieg nie. Sy beloftes bly staan. Die kindjie het van sy kant die verbond nie deur ongeloof kan verbreek nie. Hy het die beloftes nie kan afwys nie. Die enige wat in die situasie dan oorbly is God se vaste beloftes. God se trou. So besluit ons op grond van God se onwankelbare trou tot die uitverkiesing en saligheid van die kindertjies. Die verbondsbelofte is vir ons 'n groot troos. Dis

'n jubel op die trou van God, wat ingegryp het om die kind in sy gesin op te neem en wat opnuut ingegryp het om die kind by Hom tuis te haal. Dit is hier waar Dawid ook sy geloof oor hy en Batseba se kind in sonde ontvang en gebore kon uitspreek, al was die kind in sonde verwek het Dawid vas geglo dat dit God sou behaag om hierdie kind te red. Daarom dat hy dit dan ook sê- 2 Sam 12:23- *Maar nou is hy dood—waarom sou ek dan vas? Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.*

So word ons eintlik deur die Dordtse Leerreëls gebring dat ons oor die kindertjies van gelowiges mag oordeel. 'n Oordeel wat 'n ryke troos mag wees. Maar hoe moet ons oordeel oor die kindertjies van die ongelowiges, wat vroeg sterf? Hulle het nie in God se verbond en gemeente 'n plek ontvang nie. Hulle het die beloftes ook nie ontvang nie. Ons kan dus nie spreek van hul saligheid nie. Is hulle dan verwerp? Dit weet ons ook nie. God is vrymagtig in wie Hy kies en wie Hy nie kies nie. Ons moet die oordeel oor sulke kindertjies aan die Here oorlaat. Dis nie vir ons om die wat buite is te oordeel nie. Die wat buite is, oordeel God. Dit is presies die woorde van 1 Kor.5:13- *Maar die wat buite is, oordeel God.* Dit is wel duidelik dat ongeloof ook in die geslagte gestraf word. Ons het dit reeds vanoggend vanuit die Wet van die Here weer gehoor- dit is so belangrik dat ons dit goed hoor- onse God*, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat…* Ouers wat die geloof ontvang het, het die grootste geskenk ontvang wat daar kan wees. Hulle geloof staan nie los van hulle kinders nie, watter voorreg om dit te mag glo. Laat ons sidder vir die sonde van ongeloof, wat geslagte lank gestraf kan bly.

Volgende keer in par 18 hoor ons die laaste paragraaf uit die hoofstuk hoe mense teen die leer van die uitverkiesing in geweldige opstand kan kom, maar vir ons wat dit glo, bring dit lof aan die Here.

AMEN

Pretoria- …….


Paragraaf 17
uit die Woord leer ons die wil van God ken
Die Woord van God getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is
Hulle is nie van nature heilig nie
Hulle is heilig kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is
Daarom moet godvrugtige ouers nie twyfel
die uitverkiesing en saligheid van hulle
Kyk Genesis 17:7; Handelinge 2:39; 1 Korintiërs 7:14
wat God in hulle kinderjare uit
hierdie lewe wegneem nie